

Vrydag 6 Mei

Skrifgedeelte: 1 Johannes 1:1-10; HK Sondag 11, Vraag 30

Fokusgedeelte: 1 Johannes 1:7

Jesus is die volkome Verlosser

Met die woorde “*die bloed van Jesus, sy Seun*” verwys Johannes na Jesus se onvattende lyding van sy geboorte af tot sy kruisdood. Dit was sy lyding as betaling vir ons sonde en sondeskuld. Nou beklemtoon Johannes dit dat Jesus as Seun van God deur hierdie lyding en bloedstorting dié wat in Hom glo, “*reinig ... van elke sonde*”. Die sonde in sy wese en werking, die sonde as skuld en smet, die sonde in al sy openbarings en ontwrigtings – van dit alles reinig Jesus ons en vergewe Hy ons. Hy is inderdaad ’n volkome Verlosser. Daarom mag die Christen nie addisionele verlossingshulp soek nie. Sodanige hulp is nie net onnodig nie, maar ook ’n skending van Jesus se eer en ’n miskenning van sy volmaakte verlossingsdaad. Wie dit doen, toon dat hy Jesus nie as die volkome Verlosser wil erken en aanvaar nie.

Dit is waaroor in Antwoord 30 van die Kategismus gehandel word. Daarin word sonder twyfel verwys na die praktyke in die Rooms-Katolieke Kerk (RKK). In dié kerk word lidmate geleer om met die oog op hulle verlossing van sonde, behalwe vir die verlossing deur Jesus, addisionele hulp te soek by die sogenaamde heiliges en in die besonder by Maria, die moeder van Jesus. Daarby moet hulle ook ernstig daarna streef om verdere vergifnis vir hulle sonde te bewerk deur ’n verdienste voor God te verkry met hulle goeie werke, gebede, ongetroud te bly en dergelike meer. Dan kan hulle ook nog hulp kry by die kerk deur sondebelydenis (bieg) en boetedoening.

Nou moet in alle eerlikheid erken word dat die bedoeling van die RKK nie is om Jesus *te vervang* deur die optrede van die heiliges, eie goeie werke of die hulp van die kerk nie, maar om die verlossingswerk van Jesus *aan te vul*. Juis daardeur ontken hulle egter dat Jesus ’n volkome Verlosser is en dat sy betaling van ons sondes geen aanvulling nodig het nie. So val hulle ook in dieselfde sonde as die Galasiërs wat van oordeel was dat die verlossing deur Jesus deur sekere praktyke soos die besnydenis aangevul moet word. Paulus sê egter dat dit in stryd is met die evangelie wat hy aan hulle verkondig het en spreek dan die vloek van God daaroor uit (Gal. 1:8, 9).

Christus het ons volkome verlos van elke sonde en daarom kan ons ware rus by Hom vind (Matt. 11:28-30).